

14 Julie

Lukas 19:1-9

God het jou nodig

Hoe sien jy jousef voor God? Hoe dink jy hoe sien God jou? Het jy enige taak of roeping om in die kerk te vervul? God het vir jou 'n boodskap in ons teks. Hy sê. EK HET JOU NODIG!

Jesus is oppad deur Jerigo. Saggeus wil Jesus graag sien. Omdat hy so kort was, klim hy in 'n boom om die man Jesus te kan sien wanneer hy verbygaan...

Jesus verras ... Hy stap nie verby nie. Hy praat met Saggeus. "Saggeus, maak gou, klim af, Ek moet vandag in jou huis bly". Skielik lê daar drie dinge op Saggeus se tafel: Saggeus - Ek ken jou - Jesus noem hom op sy naam...

- Saggeus - Ek het jou nodig - Ek moet vandag by jou tuisgaan...
- Saggeus - Jy het my nodig. Saggeus, jou sonde maak dat jy nie sonder my kan klaarkom nie.

God ken jou - Hy het jou op die naam geroep. Jy is in sy Naam gedoop.

Hy het jou nodig - Hy roep jou om sy Evangelie te gaan verkondig.

Jy het Hom so nodig in jou lewe - As sy Seun nie vir jou sondeskuld betaal nie, is daar nie 'n manier wat jy die ewige verdoemenis kan vryspring nie.

God het jou nodig. Wat antwoord jy?

Sing: Psalm 8:3-5

Ds. P.J. Vermeulen (Vanderbijlpark-Oos)